higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Eerste vraestel)
NKR VLAK 2

(4101042)

7 November 2024 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

027Q1N2407

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
(Eerste vraestel)
NKR VLAK 2
TYD: 2 UUR
PUNTE: 140

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings met TWEE aanhangsels:

   AFDELING A: Begriplees
   AFDELING B: Opsomming
   AFDELING C: Visueel
   AFDELING D: Taal in praktyk
   AFDELING E: Kommunikasie in praktyk

2. Beantwoord al die vrae.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Laat 'n reël oop tussen antwoorde.

6. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

7. Let op die puntetoekenning by elke vraag.

8. Beplan jou tyd.

9. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.

10. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1: BEGRIPLEES

Lees die onderstaande leesstuk aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

Blinde Barista

Thinus Ferreira

1. Die meeste mense sien die heeltyd net hul probleme raak. Maar die blinde Joseph Matheatau (43), van Worcester in die Boland, sê hy fokus eerder daarop om altyd te kyk wat hy kan vermag, al is die lewe hóé donker.

2. 
Joseph Matheatau maak koffie sonder om te kan sien!

Joseph, is Suid-Afrika se eerste blinde barista met 'n inspirerende lewensverhaal en geloof. Hy is in Welkom, in die Vrystaat gebore. Op driejarige ouderdom het hy sy sig in een oog begin verloor en 'n paar jaar later ook in die ander. Sy storie is 'n bewys dat jy sukses kan behaal deur heeltyd een tree ná die ander te gee. Só kan jy aanstap en voortbou, al druk die lewe jou in 'n baie donker, hartseerhoekie.

3. 'Alles het regtig begin moeilik raak in die laerskool, want ek moes sien wat op die bord geskryf is,' vertel hy. 'Van die onderwysers het nie verstaan hoekom ek nie reg neerskryf van die bord af nie, al sit ek heel voor in die klas.' 'Die kind is mos lui, het hulle gebrom.' Van die kinders het hom gespot en uitgelag, maar tog het Joseph bly teruggaan skool toe.

4. 'Ek gaan nooit ophou leer nie, totdat die mense wat my so gespot het en vir my gelag het, eendag sal besef dat alles wat hulle oor my gesê het verkeerd was.'

5. Joseph het vir sy ma gesê sy moenie tandepasta op sy tandeborsel sit nie. Hy moet leer om dit self te doen, want eendag gaan sy ma nie meer daar wees nie. Hy moet leer om selfstandig te wees.

6. Joseph het alles in die lewe na die beste van sy vermoë probeer doen. Op 38 het hy sy matriek voltooi. 'Ek was so bly toe ek my sertifikaat kry,' sê hy. Na matriek het sy suster hom na 'n kollege in Bloemfontein geneem en hulle het Joseph in 2014 na Worcester gestuur. Hier het hy by *Innovation for the Blind* aangesluit, wat gesiggestremde mense met opleiding ondersteun.

7. Dit is hiér waar Joseph aan koffie blootgestel is toe hy 'n entrepreneurskap-kursus begin doen het. Hy lag, want sy oupa wat hom help grootmaak het, het hom eintlik geleer tee maak.

Kopiereg voorbehou

8. Toe hy die kans kry om 'n regte koffiebarista te word, het hy dit met albei hande aangegryp. Maar soos gewoontlik was daar mense in die samelewing wat negatief was. Hoe sal 'blinde mense nou koffie kan maak? Wat as die man homself brand?' Dit het hom nie onder gekry nie. Hy het nog altyd geglo dat hy 'n wenner kan wees.

9. En ja, Joseph het homself gebrand, sommer baie keer blase op sy vingers. Maar nou maak hy alles …van 'n *espresso* en *americano* tot 'n *cappucino*, *macchiato* en *latte*. Dit doen hy letterlik toe-oë. Joseph gaan die eerste mens met 'n siggestremdheid wees wat internasionaal as barista geakkrediteer word.

10. Joseph se ma drink eintlik tee, *Vyf Rose*, met kondensmelk en haar seun is die eerste blinde barista in Suid-Afrika, wat nog eendag vir haar 'n koppie koffie sal maak. Tot dusver het hy nog nie kans gehad om 'n koppie koffie in haar hand te sit nie.

[Bron: Verkort en aangepas uit: *Kuier*, 05 Januarie 2023]

1.1 Wie het hierdie artikel geskryf? (1)

1.2 In watter tipe publikasie het hierdie artikel verskyn?

A koerant
B tydskrif
C pamflet (1)

1.3 Wanneer is hierdie artikel gepubliseer? (1)

1.4 In watter dorp in die Vrystaat, is Joseph Matheatau gebore? (1)

1.5 Hoe oud was Joseph toe hy visie in sy een oog verloor het? (1)

1.6 Wat maak Joseph so spesiaal? Noem TWEE redes. (2)

1.7 Haal 5 OPEENVOLGENDE woorde aan uit die leesstuk (paragraaf 2), wat daarop dui dat jy nie sukses oornag hoef te bereik nie. (1)

1.8 Wat het die onderwysers in sy laerskool gedink toe hy nie reg van die bord kon afskryf nie? (1)

1.9 Joseph Matheatau se klasmaats op laerskool het baie negatief teenoor hom opgetree.

Noem TWEE dinge wat hulle gedoen het. (2)

1.10 Joseph het nie toegelaat dat negatiwiteit hom onder kry nie.

Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? Haal 'n gedeelte van 'n sin aan uit die leesstuk (paragraaf 4) aan om jou antwoord te staaf. (2)

1.11 Hoekom was dit vir Joseph so belangrik om dinge vir homself te doen? (2)

1.12 Hoe oud was Joseph toe hy sy matriek voltooi het? (1)

1.13 Watter tipe hulpbronne dink jy, het Joseph gebruik om sy matrieksertifikaat te verwerf? Noem TWEE tipes. (2)

1.14 Wie het Joseph na 'n kollege in Bloemfontein geneem? (1)

1.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin hier onder te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–C) neer.

Joseph het in … by die organisasie, *Innovation for the Blind,* in Worcester aangesluit.

A 2016
B 2015
C 2014 (1)

1.16 Wat is die doel van die organisasie, *Innovation for the Blind*? (2)

1.17 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord.

Joseph se oupa het hom geleer om koffie te maak. (2)

1.18 Voltooi die sin deur die korrekte WOORD in te voeg.

Joseph was aan koffie blootgestel toe hy 'n … begin doen het. (1)

1.19 Noem TWEE soorte koffie wat Joseph geleer het om te maak. (2)

1.20 Wat dink jy het Joseph verhoed om 'n koppie koffie vir sy ma te maak?

Noem TWEE moontlikhede. (2)

1.21 Watter woord (paragraaf 9) sê dat Joseph wêreldwyd erkening gaan kry as barista. (1)

[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2: OPSOMMING

- Lees die uittreksel hieronder aandagtig deur.
- Som die vaardighede vir jou werksplek in SEWE (7) volsinne op.
- Skryf die sinne puntgewys ondermekaar neer.
- Jy mag nie meer as een sin oor elke wenk skryf nie.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming moet NIE meer as 70 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan

GOEIE KOMMUNIKASIEVAARDIGHEDE

Jy moet kan bewys dat jy 'n logiese en kreatiewe benadering kan volg om probleme op te los. Dit is veral belangrik om te kan wys dat jy probleme van verskillende uitsigte kan oplos.

Die gees van 'n spanspeler is baie belangrik in die werkplek. Jou kollegas en werkgewers sal jou bereidwilligheid om saam met ander te werk waardeer.

Wanneer kommunikasie duidelik en doeltreffend is, keer dit dat misverstande en foute plaasvind. Luister aandagtig, gee duidelike terugvoer, praat duidelik, let op jou lyftaal, wees vriendelik.

Jou werkgewers sal wil sien hoe jy, deur jou kreatiewe idees, die onderneming kan laat groei. Leer nuwe dinge, dink buite die boks en moedig jou kollegas aan om dieselfde te doen.

Jy moet jou emosies verstaan en beheer. Jy moet weet hoe om jou in 'n professionele omgewing te beheer en wanneer jy onder druk geplaas word.

Tyd is geld. As jy organisatoriese vaardighede het, beteken dit dat jy belangrike take kan afhandel in 'n bepaalde tyd en sperdatums kan haal.

Om in jouself te glo, speel 'n groot rol om jou te help om jou werk te doen. Selfvertroue is ook 'n bewys dat jy die werk sal kan doen.

[Bron: *Matriekkollege, Omega Fumba,* 18 Februarie 2021]

[10]

TOTAAL AFDELING B: 10

Kopiereg voorbehou

AFDELING C: VISUEEL

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie hieronder aandagtig en beantwoord die vrae wat daarop volg.



[Bron: *Kuier,* 21 Julie 2022]

3.1 Wat word hier geadverteer? (1)

3.2 Wie dink jy is die teikenmark vir hierdie produk? (1)

3.3 Wat is die handelsnaam van die produk? (1)

3.4 Noem die slagspreuk van die produk in dié advertensie. (1)

3.5 Kies die korrekte antwoord deur die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–C) neer.

In hierdie produk kom daar … vitamiene voor.

A 2
B 3
C 4 (1)

3.6 Wat maak hierdie produk so besonders? Noem TWEE eienskappe. (2)

3.7 Tussen watter TWEE opsies kan die verbruiker kies wanneer hy/sy dié produk koop? (2)

3.8 Waarom sal jy hierdie produk koop? (1)
[10]

VRAAG 4: GRAFIESE VOORSTELLING

Bestudeer die grafiese voorstelling hier onder aandagtig en beantwoord die vrae wat daarop volg.



[Bron: *Eie verwerking*]

4.1 Vir watter tydperk is hierdie data geldig? (1)

4.2 In watter maand is die verkope die laagste? (1)

4.3 Watter maand het dieselfde lemoensap verkope as Oktober? (1)

4.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–C) neer.

Die totale verkope vir September is ...

A 200
B 250
C 300 (1)

4.5 Waarom dink jy is die verkope vir Julie die hoogste? (2)

4.6 Noem TWEE maande waar die verkope gedurende die somer dieselfde was. (2)

4.7 Wat is die totale verkope vir Meimaand? (1)

4.8 Hoe verskil die totale verkope van April met dié van November? (1)
[10]

VRAAG 5: STROKIESPRENTE

Bestudeer die spotprent hieronder aandagtig en beantwoord die vrae wat daarop volg.



RAAMPIE 1 **RAAMPIE 2** **RAAMPIE 3**

[Bron: *Die Burger*, 11 Maart 2024]

5.1 Wat is die naam van die koerant waarin hierdie strokiesprent verskyn het? (1)

5.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–C) neer.

Hierdie toneel speel af in die ...

A kombuis
B slaapkamer
C sitkamer (1)

5.3 Kies 'n woord uit raampie 1 wat sê dat die seun nie so 'n goeie dag gehad het nie. (1)

5.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–C) neer.

Die seun in RAAMPIE1 lyk ...

A gelukkig
B moedeloos
C tevrede (1)

5.5 Waaroor gaan die probleem waarna die seun in RAAMPIE 2 verwys? (1)

5.6 Wat doen die pa in RAAMPIE 2 wat toon dat hy na sy seun luister? (1)

5.7 Waarmee vergelyk die seun sy pa se probleme in RAAMPIE 3? (1)

5.8 Kies die korrekte antwoord tussen hakkies om die sin te voltooi.

Die seun verwys in RAAMPIE 3 na die pa as iemand wat (jonk/oud/laf) is. (1)

5.9 Dink jy die pa sal sy seun se probleem kan oplos? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
[10]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK

VRAAG 6

Voltooi die sinne in KOLOM A deur die instruksies in KOLOM B uit te voer. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.1–6.33) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A	KOLOM B		
DIE *BAY HARBOUR* -MARK		**INSTRUKSIES**	
Dit is 'n plek waar kreatiewe energie (6.1 lewendig) word. Ons unieke (6.2 Suid- Afrika) gees word hier (6.3 gevuur/gevier)	6.1	Gee die intensiewe vorm.	(1)
	6.2	Gee die KORREKTE vorm van die woord.	(1)
	6.3	Kies die korrekte woord.	(1)
Die (6.4 kunsmark) skep die geleentheid vir die (6.5 entrepeneer/entrepreneur) om sy produk (6.6 ...) toon te stel.	6.4	Gee die meervoud.	(1)
	6.5	Kies die KORREKTE spelling.	(1)
	6.6	Gee die korrekte VOORSETSEL.	(1)
Dié mark is spesiaal want dit bestaan uit (6.7 hand + gemaak) produkte. Dié produkte is (6.8 uniek) en kan as 'n (6.9 geskenk) aan 'n spesiale vriend gegee word. (6.10 Dit is 'n wondelike ervaring om by dié mark rond te snuffel.)	6.7	Verbind die twee woorde om een woord te vorm (SAMESTELLING).	(1)
	6.8	Gee 'n SINONIEM (woord met dieselfde betekenis).	(1)
	6.9	Gee die verkleinvorm.	(1)
	6.10	Herskryf die sin in die ontkennende vorm.	(2)
Wat dié mark so spesiaal maak, is dat die (6.11 gemeenskap) dit gebruik as 'n bymekaarkomplek. Dit is ook 'n manier (6.12 om die pot aan die kook te hou.)	6.11	Gee die meervoud.	(1)
	6.12	Wat beteken die uitdrukking 'om die pot aan die kook te hou'?	(2)
Dit skep ook (6.13 werk + geleentheid) veral as die produk in aanvraag is.	6.13	Verbind die twee woorde om een woord te vorm (SAMESTELLING).	(1)
(6.14 Die produkte wat verkoop word, is ontwerp en gemaak deur die persoon wat dit verkoop.)	6.14	Herskryf die sin in die BEDRYWENDE VORM deur te begin met: Die persoon ...	(2)
(6.15 Almal werk saam en help mekaar.)	6.15	Herskryf die sin in die VERLEDE TYD.	(2)
(6.16 Die mense sê: 'Ons kry goeie waarde vir ons geld by dié kunsmark.')	6.16	Herskryf die sin in die INDIREKTE REDE. Begin die sin asvolg: Die mense ...	(2)
Terwyl jy daar rondloop ontmoet jy die (6.17 gaaf) mense ooit. Hier tussen die (6.18 stalle) deur kan jy na musiek luister wat (6.19 gratis) aan die publiek verskaf word.	6.17	Gee die oortreffende trap.	(1)
	6.18	Gee die verkleinvorm.	(1)
	6.19	Gee 'n SINONIEM (woord met dieselfde betekenis).	(1)
Die musiek skep 'n (6.20 ontspan) atmosfeer wat mense na die kunsmark (6.21 ...).	6.20	Gee die KORREKTE vorm van die woord.	(1)
	6.21	Gee die ontbrekende woord.	(1)
(6.22 Die mark verander die mense van die vissersdorp se lewe.)	6.22	Herskryf die sin in die toekomende tyd.	(2)

[Bron: Vertaal en aangepas uit: *bayharbour.co.za*]

Die volgende vrae is op die strokiesprent hieronder gebaseer.



[Bron: Aangepas uit: *Beeld*, September 2021]

6.23 Gee die teenoorgestelde geslag. (1)

6.24 Herskryf die sin as 'n VRAAGSIN. (1)

6.25 Gee een woord. (1)

6.26 Skryf 125 voluit in woorde. (1)

6.27 Gee die intesiewe vorm. (1)

6.28 Gee die vergrotende trap. (1)

6.29 Wat beteken die uitdrukking '... gooi handdoek in'? (2)

6.30 Gee 'n ANTONIEM (woord met die teenoorgestelde betekenis). (1)

6.31 Gee die verkleinvorm. (1)

6.32 Verander na die toekomende tyd. (1)

6.33 Voltooi die sin deur die korrekte VERSAMELNAAM in te voeg.
Wanda moes 'n ... wasgoed was. (1)

[40]

TOTAAL AFDELING D: 40

AFDELING E – KOMMUNIKASIE IN PRAKTYK

VRAAG 7: EFFEKTIEWE KOMMUNIKASIE

7.1 Kies die korrekte teken om by die onderstaande sinne te pas. Skryf slegs die letters (A–J) langs die vraagnommer (7.1.1–7.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.



[Bron: *Google Soek*]

7.1.1 Pasop vir voetgangers.

7.1.2 Daar is 'n restaurant vorentoe.

7.1.3 Parkering vir mense met gestremdhede.

7.1.4 'n Haarkapper vir mans is beskikbaar.

7.1.5 Hier is toiletgeriewe. 

7.1.6 Padwerke aan die gang.

7.1.7 Verkeersligte voor.

7.1.8 Daar is 'n polisiekantoor vorentoe.

7.1.9 Parkering slegs vir noodvoertuie.

7.1.10 Lughawe naby.

(10 × 1) (10)

7.2 Kies 'n term/item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (7.2.1–7.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.2.1	Die televisie is 'n voorbeeld van ...	A	slagspreuk
7.2.2	Dit adverteer 'n produk en word aan 'n groot aantal mense uitgedeel	B	webtuiste
7.2.3	Goedkoop manier om jou besigheid te adverteer	C	massakommunikasie
7.2.4	Een van die vereistes waaraan 'n advertensie moet voldoen	D	Facebook
7.2.5	'n Blad gekoppel aan die internet waar organisasies en maatskappye inligting plaas	E	strooibiljet
		F	belangstelling

(5 × 1) (5)

7.3 Dit is belangrik hoe 'n mens met ander mense kommunikeer sodat hulle nie aanstoot neem nie.

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (7.3.1–7.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

7.3.1 Jy sit saam met jou vriende in 'n besige restaurant. Julle sit al vir meer as tien minute, maar die kelner het julle nog nie genader nie.

A Jy staan op en skree: 'Waar is die kelner?'
B Jy steek jou hand in lig om iemand se aandag te trek.
C Jy sê vir jou vriende: 'Kom ons loop!'

7.3.2 Jy waardeer die ete wat jou metgesel voorgesit het en wil hom of haar komplimenteer.

A 'Jy kon nog 'n klein bietjie sout bygevoeg het.'
B 'Jy het al beter as dit gekook.'
C 'Skat, vanaand het jy jouself oortref.'

7.3.3 Julle sit aan tafel terwyl die deurklokkie lui.

A Jy spring op en skree: 'Ons eet nou!'
B Stap deur toe en vra dat die persoon later moet terug kom want julle besig is om te eet.
C Jy ignoreer die klokkie.

Kopiereg voorbehou

7.3.4 Jou buurman se hond het die vorige aand aanhoudend geblaf.

A Jy bel hom woedend en sê: 'Jou hond het my uit die slaap gehou!'
B Jy bel hom en vra: 'Is daar iets met die hond verkeerd? Kan ek help?'
C Jy bel hom en sê: 'Kyk na jou hond! Hy gaan my nie weer uit die slaap hou nie!'

7.3.5 Jy wil jou kliënt oorreed om jou produk te koop.

A 'Ons winkel is sewe dae 'n week oop.'
B 'As u vandag my produk koop, betaal u slegs die helfte van die prys.'
C 'Hierdie produk is ook aanlyn beskikbaar.'

(5 × 1) (5)

7.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (7.4.1–7.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

7.4.1 WhatsApp is 'n sosiale mediaplatform.

7.4.2 SMS-boodskappe is 'n verbale vorm van kommunikasie.

7.4.3 TikTok is 'n visuele vorm van kommunikasie.

7.4.4 Gebaretaal is nie 'n vorm van kommunikasie nie.

7.4.5 'n E-pos kan slegs vanaf 'n selfoon gestuur word.

(5 × 1) (5)

7.5 Voltooi die sin deur die korrekte opsie van dié tussen hakies te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (7.5.1–7.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

7.5.1 As jou maat verjaar sal jy vir hom/haar (sterkte/geluk) wens.

7.5.2 As jy 'n siek hondjie langs die pad raakloop sal jy uitroep: (siestog/ voertsek!).

7.5.3 As jy jou vriende soggens groet, sê jy: (goeiemiddag/goeiemôre).

7.5.4 As jy positiewe terugvoer van jou dosent kry, sal jy vir hom/haar (cool!/dankie!) sê.

7.5.5 Jy loop teen 'n ouer persoon vas. Jy sê: (Kyk waar jy loop, man!/Ekskuus, ek is jammer.)

(5 × 1) (5)

TOTAAL AFDELING E: 30
GROOTTOTAAL: 140

Kopiereg voorbehou